| Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (EBW) 90 jaar oud.<br>Katedraalkelder, KWV, Paarl, 18 April 2015<br>**Gelukwense deur prof Wim de Villiers, Rektor en Visekanselier, US** | *Faculty of Economic and Management Sciences (EMS) 90 years old.*<br>*Cathedral Cellar, KWV, Paarl, 18 April 2015*<br>***Congratulations by Prof Wim de Villiers, Rector and Vice-Chancellor, SU*** |
|---|---|

Goeienaand, dames en here. En dankie vir die geleentheid, kollegas. Ek moet sê, vanaand is ŉ gepaste viering vir ons grootste fakulteit, en een van ons oudstes. Welgedaan! Julle stel ŉ hoë standaard vir die Universiteit se Eeufeesvieringe oor drie jaar.

*Ladies and gentlemen, an event such as this is an occasion to celebrate one's achievements … and rightly so. This Faculty makes very important contributions not only to the University overall, but to our country and continent … indeed, the world at large. It has local relevance, but is globally competitive in all three core functions of the university – research; learning and teaching; as well as community engagement.*

*That's crucial, because there's a growing enthusiasm for higher education world-wide, especially in the developing world.* The Economist *recently published a special report on higher education. It said, "so hungry is the world for a university education that enrolment is growing faster than purchases of that ultimate consumer good … the car". There's a graph in* The Economist *showing how a mere 20 years ago new car registrations and tertiary enrolments were exactly equal. But now, for 170 new cars registered world-wide, 270 students enrol at university.*

So sterk is die aanvraag na hoër onderwys, dat inskrywings baie vinniger as persoonlike inkomste groei – met ŉ faktor van 2, of dubbel. So, mense maak dus opofferings vir opvoeding. Hierdie globale tendens kan ons ook plaaslik sien. Maties het vanjaar meer as 22 000 aansoeke ontvang vir net 5 000 studieplekke ... ŉ ooraanvraag van 4 keer.

En tog sou meer as ŉ derde van ons studente – 37%, om presies te wees – nie hier gewees het sonder finansiële bystand nie. Verlede jaar het die Universiteit R588 miljoen aan beurse en -lenings uitbetaal. Dis ŉ verstommende bedrag ... gelykstaande aan 54,8% van ons totale inkomste uit studentegelde.

Ek twyfel of enige ander universiteit soveel vir toegang doen, veral in ag genome dat 55% van ons beurse en lenings aan ons swart (BSI) studente gaan, op grond van meriete en finansiële behoeftigheid. En aangesien groter diversiteit vir ons ŉ prioriteit is, wil ons nog meer werwingsbeurse toeken. Dis ŉ gulde geleentheid vir noodsaaklike bemagtiging.

Prof (Stan) Du Plessis (Dekaan), ek is bly EBW doen so baie in dié verband, met inisiatiewe soos die Dekaansfonds en die nuwe opwindende ZERO-projek.

*Ladies and gentlemen, this brings me to my main point. What is the return that our students are getting from us? And what yield are we offering society as a whole?*

*Individuals expect to be able to find a good job with their university degree – and in most cases they do, especially in poorer countries. The World Bank says the average increase in earnings for every additional year of tertiary education is 21% in Sub-Saharan Africa. The picture in high-income countries is less rosy as 11%, but it is still significant.*

*However, we can't rest on our laurels. My favourite artist – singer/poet – is Bob Dylan. He said, "The Times They Are a-Changin'".* Ons moet sorg dat ons programaanbod relevant is, en aan die behoeftes van die industrie voldoen.

Die Fakulteit EBW het 'n goeie rekord in dié verband, met al die ekonome, rekenmeesters, beleggingsbestuurders, sakeleiers ens. wat julle deur die jare opgelewer het. Doen so voort! En ek is vol vertroue julle gaan – veral omdat julle bybly met die jongste tendense, soos die toenemende gebruik van inligtings- en kommunikasietegnologie in leer en onderrig.

Ook aan die navorsingskant, vaar EBW baie goed met die produksie van kennis wat groot impak maak – op beleid in die openbare sektor en op besluitneming in die privaatsektor.

As ons hierdie vlak van uitnemendheid volgehou, sal dit met ons goed gaan ... in EBW en in die res van die Universiteit.

Ek sluit af met 'n verwysing na die US-leuse: "*Pectora roborant cultus recti*". Ek stof my skool-Latyn af om te vertaal – "'n Goeie opvoeding versterk die inbors".

Baie geluk met die groot mylpaal wat vanaand hier gevier word. Ek glo Maties gaan nog vele vier!

-oo0oo-